

LANGKLOOF SKIETKLUB

Posbus 22
Joubertina
6410
skietklub@langkloof.net

Tel : 042-2732126
Faks: 086 733 1608
E-pos:

NRCS nr AZC/2005/351



Die Kooperasie Oos-Kaap ope

Die stof het skaars gaan lê en die S.A Ope / Top 50 en toe is die Oos Kaap Ope met ons.

Die Ope is weer aandgebied deur die Langkloof Skietklub op die plaas Tulpieskraal te Joubertina. Koue en wind is voorspel maar ons is geseen met uitstekende weer met 'n baie ligte Suid- Wes bries – nie veel om oor te kla nie.

Vroeg was die inskietbaan in rep en roer en die registrasie van die 73 skuts het vlot verloop, waarna almal in groepe verdeel is en die verrigting is geopen met gebed en die baan uitleg en reëls is verduidelik en ons kon begin skiet.

Teen 12 uur kon die baanbeamptes die bane opruim en almal het gesellig verkeer by die klubhuis waar 'n heerlike bord kos en koel lafenis op elkeen gewag het. Teen 15:00 het die prysuitdeling is alle erns begin en Barend Uytenbogaardt het die dag gewen met 'n puik telling van 846,2. Baie geluk Barend.

Die bane was as volg opgestel:

Baan1 – 3poot staan na Rooibok +-200m



Baan2 – Lē oor grondwal na Jakkals +-300m



Baan3 – Gonge – sit en gebruik paal 180, 185, 210, 315, 225m



Baan4 – Vryhand sit na Blesbok +-120m



Baan5 – Vryhand staan na vlakvark +-65m



Baan 6 – Gonge – Staan oor hooibaal 350, 310, 315, 250, 210m



Graag bedank ons Die Humansdorpse Koöperasie vir hulle ruim borgskap sowel as al die ander borge.



Dankie ook aan al die deelnemers wat ons ondersteun het, die baan beampes vir hulle puik diens, almal wat gehelp het met die voorbereiding van die terrein en opstel van bane. Almal betrokke by admin/inskrywings, verversings en foto's.

Dankie Bokkie Kritzinger vir die gebruik van jou eiendom en veel meer.

Dankie ook aan ons Hemelse Vader vir 'n geseënde dag.

Nogmaals baie geluk aan al die widders. Die resultate is beskikbaar op die webblad van SA Hunting Rifle en foto's is ook te siene op die Langkloof Skietklub se facebook blad.

Oos Kaap Groete